

# St. Albert Chmielkowski

## 17 Junie

(1845-1916)

Hy is uit ‘n aristokratiese Poolse familie gebore en was van jongsaf bestem om hul landgoed te bestuur. Hy was egter rebels en raak by ‘n politieke opstand betrokke waartydens hy sy een been verloor. Daarna vestig hy hom in Krakau waar hy sy brood as skilder verdien en deel was van die intellektuele kringe wat gekant was teen die Russiese besetting van Pole en die ellende waaronder die Poolse bevolking gebuk gegaan het. Hy besef egter dat politieke verset nie tot ware vryheid lei nie. Laasgenoemde is slegs by God te vinde. Hy sluit aan by die Derde Orde van die Franciskane en wy homself al hoe meer aan gebed en naastediens toe. Nou het hy nie meer die armes met politieke spreuke probeer opsweep nie, maar hulle die liefde van God probeer wys. Hy stig die Dienaars van die Armes om behoeftige mense met voedsel en huisvesting by te staan. Later sou die toekomstige pous Johannes Paulus II ‘n baie suksesvolle verhoogstuk oor die lewe van Albert skryf en as pous sou hy hom in 1989 tot heilige verklaar.

© Die Oratorium Uitgewery